# Les 10 GELIEFDE KINDERS: MENSE MISBRUIK GOD SE NAAM

## 1. Die Israeliete het God se Naam misbruik

Verlede keer het ons gekyk hoe misbruik die Israeliete die Here se Naam. Kan julle nog onthou hoe het hulle die Here se Naam misbruik? Kom ons kyk weer hoe het hulle dit gedoen:

*"[3] Die hele volk het toe die goue ringe van hulle ore afgehaal en dit vir Aäron gebring. [4] Hy het dit van hulle ontvang, dit verwerk en daarvan 'n beeld in die vorm van 'n bulkalf gemaak. Toe sê die volk: "Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel!" [5] Toe Aäron dit hoor, het hy 'n altaar voor die beeld gebou en uitgeroep: "Môre is daar fees vir die Here!" [6] Vroeg die volgende môre het die volk brandoffers en maaltydoffers geoffer. Daarna het die volk begin feesvier en losbandig te kere gegaan."* (Eksodus 32)

Hulle hou 'n fees vir die Here. Dit is 'n ander manier om te sê hulle hou kerk. Hulle hou kerk en bid tot die Here. Maar terwyl hulle die Here se Naam gebruik wanneer hulle bid, sê hulle vir die goue kalfie wat hulle gemaak het, dankie dat hý hulle gehelp het om uit Egipteland te kan wegkom!

Dit is hoe hulle die Here se Naam misbruik. Hulle bid tot die Here, maar wil nie die Here se aandag hê nie. Hulle bid tot die Here, maar wil nie aandag gee aan wat die Here gedoen het, of sê nie.

Dis hoekom hulle vir die kalfie dankie sê: hulle weet die kalfie gee niks aandag aan hulle nie. En as hulle vir die kalfie dankie sê, dan máák hulle net asof hulle aandag gee aan wat die Here sê. Maar eintlik luister hulle glad nie na die Here nie. Hulle wil maar net doen en sê wat hulle wil, sonder die Here se aandag. Hulle wil maar net losbandig tekere gaan, sonder die Here se aandag.

## 2. Om te maak asof God net aan een spesiale mens aandag gee

Wanneer misbruik mense binne die kerk God se aandag? Wanneer hulle maak asof die Here nie luister as 'n mens tot Hom bid nie. Dink julle mense misbruik nog vandag in die kerk die Naam van die Here? Kom ons kyk hoe misbruik mense vandag binne die kerk, die Naam van die Here.

Mense maak asof die Here nie na jou luister as jy bid nie, maar dat Hy net luister as ander mense vír jou bid. Baie mense maak vandag só: hulle glo nie dat die Here aandag aan hulle gee as hulle self tot Hom bid nie. Hulle glo God luister net na spesiale mense wat bid. Daarom bid hulle nie self tot die Here as hulle siek, moeg, arm, honger of bang is nie. Hulle klim in hulle karre en hulle ry na ander mense toe, sodat hierdie mense vir hulle kan bid. Want hulle glo God gee net aandag as hierdie spesiale mense Sy aandag vra. Hulle klim in vliegtuie en vlieg na ver lande toe, waar hulle glo daar een spesiale mens is waarna God luister as daardie mens bid.

Wat noem die Bybel dit as mense maak asof God net aan spesiale mense se gebede aandag gee? Die Bybel noem dit "Misbruik van God se Naam". Hulle maak van spesiale mense, hulle goue kalfie.

**3. Om te maak asof God net aandag gee as baie mense gelyk saam bid**

Baie ander mense maak vandag in die kerk só: God gee nie aandag as jy alleen bid nie, baie mense moet bid voor God luister. Daarom wil hulle nie meer elkeen alleen tot die Here bid nie. Hulle wil groot byeenkomste hou op rugbypawiljoene. As hulle so ŉ groot klomp mense bymekaar is, dan voel hulle die Here gaan nou méér aandag aan hulle gee.

'n Ander manier waarop mense glo baie mense moet God se aandag probeer trek, is ketting-gebede. Hulle kom bymekaar en dan begin een bid en as hy klaar gebid is, moet 'n ander een weer begin. So hou hulle sommer dwarsdeur die nag aan om te bid. Hoekom bid hulle so? Want hulle glo die Here gee nie aandag as net een mens eenkeer bid nie.

'n Ander manier van baie mense om aanmekaar te bid, is sms'e – dan stuur hulle een gebed aan ander mense en vra dat hulle hierdie gebede weer aan nóg ander mense moet stuur. Hulle sê as jy dit nie aanstuur aan ander mense nie, gaan die Here nie aan die gebed aandag gee nie.

Wat noem die Bybel dit as jy glo baie mense moet bid voordat God aan jou sal aandag gee? Dit is die misbruik van God se Naam: jy maak asof God nie aandag gee as jy tot die Here bid nie. Om so te bid, is om te bid soos die Israeliete by die goue kalf.

**4. Om te maak asof God net op spesiale plekke aan jou aandag kan gee**

'n Ander manier waarop mense glo hulle God se aandag kan kry, is om na spesiale plekke toe te gaan om te bid. Hulle glo dat God op daardie plekke meer luister as op ander plekke. Daarom ry mense baiekeer na ander kerke toe, omdat hulle glo dit is 'n spesiale plek waar God aandag gee.

Ander mense maak weer asof jy in die strate moet loop en bid as jy God se aandag wil hê. Hulle noem dit gebedsmarse. Hulle glo hulle trek God se aandag as hulle so almal saam in die strate loop en bid.

Die Bybel noem hierdie manier van bid, die "misbruik van God se Naam". Want hulle maak asof God nie aan net een van Sy kinders, op enige plek in die hele skepping, kan aandag gee nie.

Waar gee die Here aandag aan ons as ons Hom aanroep? Orals en enige plek! Daar is nie spesiale plekke waar God beter en meer aandag aan jou sal gee as op ander plekke nie.

## 5. Die Here Jesus sê dit self vir ons

Kyk hoe het die Here Jesus dit self vir ons in Sy eie woord gewys:

*"[5] Verder, as julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees nie. Hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die straathoeke te staan en bid sodat die mense hulle kan sien. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg. [6] Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon. [7] "Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik. [8] Moet dan nie soos hulle maak nie, want julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra."* (Matteus 5)

Die Here noem mense wat Sy Naam misbruik – skynheiliges. Dit is mense wat net máák asof hulle die Here se aandag wil hê, maar eintlik wil hê die Here moet glad nie naby hulle wees nie.

Hy wys hierdie mense hou van spesiale bidplekke – sinagoges was kerke, en nes vandag het hulle ook in die strate gebid. Die Here sê as jy alleen in jou eie kamer, sonder enige spesiale mens naby jou, sonder duisende mense wat met sms'e saam met jou bid, tot Hom bid, sal die Here ál Sy aandag aan jou gee.

En – jy hoef nie te bid saam met baie mense, baie sms'e of in ketting-gebede nie – jy hoef net één keer die Here iets te vra. Want Hy is nie 'n goue kalfie nie. Hy weet wat ons nodig het voor ons vra!

Hoe het die Here na die Israeliete se gebede om hulle in Egipteland te help, geluister? Hy het geweet wat hulle nodig het, nog vóór hulle gevra het, en Hy het alles gedoen wat nodig is om hulle uit Egipte te lei: hulle het nie gebid dat Hy Moses moet beskerm as babatjie nie; hulle het nie gebid dat Moses 'n Egiptiese prins moet word nie; hulle het nie gebid dat Moses hulle uit Egipte moes lei nie; hulle het nie vir een van die tien plae gebid nie; hulle het nie gebid dat die Here die Rietsee moet droog maak nie; hulle het nie gebid dat die Here vir hulle kos in die woestyn moet gee nie – al wat hulle gereeld gedoen het, was om te kla asof die Here hulle vergeet het. Terwyl hulle altyd gekla het en kwaad was omdat hulle voel die Here gee niks aandag aan hulle nie, het die Here elke keer presies geweet wat hulle nodig gehad het, en dit al lankal begin gee.

Daarom is dit ook die misbruik van God se Naam om só te bid asof jy vir die Here eers moet vertel wat alles aan die gang is, en om vir die Here presies te verduidelik wat jy nodig het. Jy hoef niks vir die Here te vertel of te verduidelik nie. Net soos met die Israeliete, weet die Here presies wat jy nodig het en sorg Hy al lankal, vóór jy nog self weet wat om te vra.

Daarom kan ons die Here altyd aanroep en altyd tot Hom bid – want die Here gee nie net aan ons aandag as ons eers na Hom toe gaan nie. Die Here is die hele tyd besig om aan ons aandag te gee. Ons mag die Here se Naam só gebruik: ons glo dat Hy altyd, die héle tyd, aan ons aandag gee, en daarom kan ons Hom aanroep en tot die Here bid.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________

Handtekening: ouer of voog